SARIE BRUID hou van

- 'n Voorkoms perfek vir die bruid
- Manjifieke ruiker!
- Verskillende teksture skep warmte
- 'n Paartjie wat gloei van geluk

# Bolandse herfsfantasie

## Silke (Viljoen) en Brink Bosman

SARIE se **Bruidspaar van die Jaar 2015** het die belofte om 'n leeftyd saam deur te bring gemaak terwyl die wingerdblare begin verkleur het op 'n wynplaas naby Stellenbosch

FOTO'S TASHA SECCOMBE



So gelukkig saam met haar bruidegom – Brink is haar prins, die een deksel wat pas, sê Silke.



### TROUROK

Silke se verslankende trompetstylrok is 'n skepping van Maggie Sottero by Olivelli. Die ligte koffiekleur van die rok het pragtig vertoon onder roomkleurige blompatroonkant. Dis voor en agter laag gesny, en die gespe van die satynbelt om die middellyf is met krale geborduur. Toe die son sak, het Silke die herfskoue verdryf met 'n roomkleurige kunspels-baadjie.

### TROURUIKER

Silke se ruiker was uniek met katoenbolle en pienk pinksterrose.

(Sien ook bl. 16)



# MY LEWE

## Romanties, klassiek, pastel, sag, vroulik

STILERING, KONSEP EN BLOMME **HEIKE VAN FLEUR LE CORDEUR**
FOTOGRAFIE **TASHA SECCOMBE**
HARE EN GRIMERING **YOLANDE DU TOIT**
MODEL **ANJA JERLING**
TROUKOEK **ROXANNE FLOQUET CAKE DESIGN**
DRUKWERK **WHITE KITE STUDIO**



So 'n sagte, onskuldige voorkoms wat byval sal vind by al die romantiese bruide. Byna eetbaar, en presies reg vir 'n groot Victoriaanse tuin of markiestent. Sagte blomme soos pinksterrose (*peonies*), krismisrose, tulpe en orgideë word gebruik saam met 'n tikkie groen om hierdie tema uit te beeld. Daarby wit en skakerings van pienk saam met 'n verskeidenheid teksture om 'n salige atmosfeer te skep.

### BRUIDSRUIKER



1

### TROUKOEK



2

### UITNODIGING




4

**1.** Sjarmante bruidsruiker van pinksterrose, tuinrose, en bergbruidjies
**2.** Klassieke witsjokolade-rooibos-en-lemmetjie-troukoek met handgemaakte suikerblomme
**3.** Krismisroos-en-koolblaar-corsage vir die bruid se ma
**4.** Uitnodigingskaartjie met goue drukwerk en versierde RSVP-koevert. Dit kan gepos óf elektronies gestuur word



5

### KNOOPSGATRUIKER


**5.** Wit pinksterroos-boutonnière
**6.** Kombinasie van vase en blommerangskikkings wat as versiering by die seremonie gebruik kan word

### CORSAGE



3

### BLOMVERSIERING



6



Die trouseremonie in Rozendal se soldervertrek. Die venue het ook 'n kroeg, dansbaan en onthaalvertrek.




Brink se oudste seun, Luhan, het voor die bruid in die paadjie afgestap met hierdie boodskap vol afwagting.



Silke se sitplek aan die stylvolle hooftafel met sy blinkertjie-tafeldoek.





LINKS: In Silke se ruiker was 'n kombinasie van koraalkleurige pinksterrose, wit Engelse rose, donsige katoenbolle en rooi roosbottels, met droë takkies en peule en 'n groot strik van 'n droë waterlelie. BO kom sy aan die arm van haar pa, Pieter Viljoen, met die trap op vir die seremonie op die solder. REGS is blommemeisie Lillah Viljoen se oulike kapsel van agter te sien. Die blommemeisies se blomkransies is spesiaal vir hulle gevleg.





Die bruid en haar man werk albei in die kosbedryf. Hulle woon op Somerset-Wes.

Brink en Silke wen 'n wegbreek as tweede wittebrood by Tintswalo Atlantic aan die Atlantiese kus naby Houtbaai in die Kaap, asook juweliersware, reistasse en parfuum



# MYSELF

## Modern, stedelik, groen, botanies

STILERING, KONSEP EN BLOMME **HEIKE VAN FLEUR LE CORDEUR**
FOTOGRAFIE **TASHA SECCOMBE**
HARE EN GRIMERING **YOLANDE DU TOIT**
MODEL **LANE VAN TONDER**
TROUKOEK **ROXANNE FLOQUET CAKE DESIGN**
DRUKWERK **WHITE KITE STUDIO**






Dis 'n vars, groen en moderne tema, en sommer lekker tropies ook! Die swart aksente maak dit nog meer byderwets en dra by tot die dramatiese effek. Dié bruid is mal oor die stadslewe, plante en groen tekstuur, en sy sal hou van trou op die dak van 'n groot gebou. Perfek vir 'n troue wat groen as hoofkleur gebruik, en vir 'n bruid wat net blare met interessante vorms en bessies as dekor by haar troue verkies.







**1.** Trouprogram ook beskikbaar as opgevoude waaier om somerhitte af te weer
**2.** Onopgesmukte donkersjokolade-sponskoek versier met donkersjokolade-ganache met 'n kardemom-geurtjie
**3.** Abstrakte groen-en-donkerpers bruidsruiker. Kombinasie van bessies, agapante, broodplantvrugte en tropiese blare

**4.** Kreatiewe broodplantvrug-en-braam-boutonnière. (Broodplant is *delicious monster* in Engels)
**5.** Middelslag-blommerangskikkings wat op tafels gebruik kan word terwyl drankies voor die onthaal geniet word

